**VISUELE TEKS - BOEKOMSLAG**

**Leesbegrip**

**Prelees die volgende foto's en titel in jou groep.**











**Bespreek die volgende vrae in jou groep:**

- Waarheen dink jy is die motor oppad?
- Wie dink jy is in die motor?
- Waarvoor word 'n kompas gebruik?
- Watter twee opeenvolgende woorde in die woordblok hou verband met die kompas?
- Kan jy 'n kompas gebruik om byvoorbeeld van Johannesburg na Kaapstad te reis? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Maak 'n lysie van vyf plekke/dinge wat jy nog wil besoek of doen.

**Tydens lees: Bestudeer die omslag van die roman "Pad na jou hart" op die volgende bladsy.**

*Vir meer soortgelyke begripslees en vele meer aktiwiteite, raadpleeg **Best Books** se Piekfyn Afrikaans Huistaal Graad 4-12 handboeke. Vir bestellings en skoleafslag:* henk.viljoen@nb.co.za
*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewers*




**Postlees**: **Beantwoord die volgende vrae oor die omslag in jou werkboek.**

*Vlak 1: Letterlike begrip (Weergee/herroep van inligting vanuit die teks.)*

1. Wie is die skrywer van boek? (1)
2. Skryf twee aparte woorde uit die eerste paragraaf neer wat die manlike karakter beskryf. (1)
3. Waarom is Basson geskok? (1)
4. Beskryf kortliks die ruimte/milieu waar die verhaal volgens die voorblad afspeel. (2)

*Vlak 2: Herorganiseer (Ontleed/analiseer dit wat in die teks is.)*

5. Watter ooreenkoms is daar tussen Amory en Basson? (1)
6. Skryf kortliks in jou woorde neer wat met die woord "fiksie" bedoel word. (1)

*Vlak 3: Afleiding (Lei ondersteunende detail af.)*

7. Lees die volgende sin: "Langs die pad wag 'n beeldskone, *boheemse* meisie."
   a) Skryf jou eie woord neer waarmee "beeldskone" in die sin vervang kan word. (1)

*Vir meer soortgelyke begripslees en vele meer aktiwiteite, raadpleeg **Best Books** se Piekfyn Afrikaans Huistaal Graad 4-12 handboeke. Vir bestellings en skoleafslag:* henk.viljoen@nb.co.za
*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewers*

b) Gebruik die volgende woordeboekuittreksel en beskryf wat met die skuinsgedrukte woord bedoel word. (1)

| |
|---|
| **Bo•heems** [=heemse] **1** Van of uit Boheme. **2** Met betrekking tot die vrye kunstenaarslewe |

8. Francois Bloemhof skryf net romans soos met "Pad na jou hart"
   a) Is die stelling *waar* of *onwaar*? (1)
   b) Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om jou antwoord te motiveer. (1)

*Vlak 4: Evaluering (Beoordeel realiteit of verbeelding/fantasie.)*

9. Is die volgende uitspraak 'n feit of mening? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

| |
|---|
| Die draaiboekteks is "lekker gebeurtenisryk en vol ontdekking en warmte." |

10. Dink jy dit is regverdig dat iemand voorwaardes stel soos in die eerste paragraaf? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)



*Vlak 5: Waardering (Emosionele respons op die inhoud.)*

11. Sal jy die boek graag wil lees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**Totaal: 15 punte**

***Stuur 'n e-pos vir die memorandum aan: henk.viljoen@nb.co.za***

*Vir meer soortgelyke begripslees en vele meer aktiwiteite, raadpleeg **Best Books** se Piekfyn Afrikaans Huistaal Graad 4-12 handboeke. Vir bestellings en skoleafslag:* henk.viljoen@nb.co.za
*(c) Henk Viljoen. NB-Uitgewers*